AFRIKAANS HT HUISWERK WEEK 6

18 – 22 MEI 2020

MAANDAG

1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.





2. Maak sinne met die volgende woorde:

vang tong slang

3. Samestellings

'n Samestelling is 'n word wat meer as een basis(stam) het.

Vb. Was + goed = wasgoed

a. dam + wal = _____
b. boek + sak = _____
c. bloed + rooi = _____
d. huis + werk = _____
e. tuin + slang = _____
f. rug + sak = _____

DINSDAG

1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.





2. Maak sinne met die volgende woorde:

meng bring ring

3. Hoofletters en leestekens:

Skryf die volgende sinne korrek oor in lopende skrif.

a. ek haal meel eiers olie melk en sout uit want ons gaan koek bak

b. san en sarie wil gaan swem maar hulle moet eers hulle kamer opruim

c. eina my toon

WOENSDAG

1. Maak sinne met die volgende woorde:

kring *bang* *spring*

2. Skryf 'n paragraaf oor: Jou skool. Nie meer as 10 sinne. Sê watter dele meer skoongemaak moet word.

DONDERDAG

1. Werkwoorde.

'n Werkwoord is 'n "doen"-woord. Dit vertel ons van die werk wat ons moet doen, soos speel, eet, staan, sit.

Maak jou eie sinne met die volgende werkwoorde

sit sing huppel spring eet huil

2. Begripstoets: Lees die stuk 2 keer deur en beantwoord die vrae.

Johan verjaar

Johan verjaar vandag. Sy Pappa en Mamma gee hom elkeen 'n drukkie toe hy wakker word. Pappa vat sy hand en bid om vir die Here dankie te sê vir hulle spesiale kind.
Mamma gee vir Johan 'n boek oor diere. Pappa sit 'n mandjie op Johan se bed neer. Twee nuuskierige katjies klim uit die mandjie. In die mandjie is ook 'n botteltjie met seepskuim.
Die nuwe katjies probeer die seepbelle vang as Johan dit blaas

Lees die storie en antwoord die vrae in volsinne.

1. Waarom het Johan vandag geskenke gekry?Skryf 'n sin.
   _____
2. Watter een van sy geskenke sal Johan baie mooi moet oppas en versorg?Skryf 'n volsin.
   _____
3. Watter geskenk geniet die katjies saam met hom?
   _____
4. Wie het almal onthou dat Johan verjaar?Skryf 'n sin.
   _____
5. Wat kan jy gebruik om seepbelle te blaas?Skryf 'n sin.
   _____
6. Wat noem ons iemand wat baie nuuskierig is.Gee net die antwoord._____
7. Gee die meervoudsvorm van **kind**.
   _____

VRYDAG

1. Tydsvorme.

Skryf die woord se verlede tyd, en kies 2 woorde om sinne te maak.

Bv. eet – geëet

Hulle eet koek.

Gister het hulle koek geëet.

skryf - _____ rus - _____

loop - _____ bel - _____

sing - _____ speel - _____

praat - _____ stap - _____

dans - _____ vind - _____

2.

Net vir die pret, gebruik leë toiletrolle en maak diere daarvan.